
# Boekbesprekings / Book reviews




C.J. Barnard. *Die vyf swemmers : die ontsnapping van Willie Steyn en vier medekrygsgevangenes uit Ceylon 1901.* Tafelberg : Kaapstad, 1988. 229 pp. Geïll. R27,50 (eksklusief). ISBN 0 624 02619 1.

Reeds in 1932 het L.A. Visagie in sy boek *Terug na kommando : avonture van Willie Steyn en vier ander krygsgevangenes* die merkwaardige verhaal vertel van die krygsmakkers se gevangeneming tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog, hul aanhouding, ontsnapping en wedervaringe oorsee, totdat sommige hulle uiteindelik weer by die Boerekommando's aangesluit het. Op versoek van Tafelberg-Uitgewers het prof. C.J. Barnard die verhaal van die 'vyf swemmers' (soos president Paul Kruger hulle genoem het — p. 141) opnuut nagevors en te boek gestel. Die outeur ('redakteur') het geen moeite ontsien nie om die avontuurvolle gebeure grondig na te vors in argiewe en biblioteke in Suid-Afrika, Brittanje en Nederland, en die gegewens in Visagie se boek sover moontlik te verifieer en aan te vul. Daarvan getuig die omvangryke bronnelys en voetnootverwysings. Die geskiedenis is 'n diskussie sonder einde, maar ten opsigte van feite-inhoud en diepgang sal dit beswaarlik moontlik wees om op Barnard se werk te verbeter.

Hierdie is geen konvensionele geskiedskrywing nie. Soms kom selfs dialoog in die teks voor! Belangrike strydvrae van die Anglo-Boereoorlog word nie eintlik aangespreek nie en geen nuwe lig gewerp op sleutelgebeure gedurende die oorlog of op die verloop van die stryd self nie. Vir die belangstellende in Suider-Afrikaanse plaaslike en streekgeskiedenis bevat die boek ook nie juis waardevolle inligting nie; meer as die helfte van die gebeure speel trouens in die buiteland af en die klem val op die hoofkarakter, Willie Steyn. Die verhaal word met heelwat simpatie vanuit die 'swemmers' se oogpunt geskryf, en wanneer die Britte en plaaslike bruin- en swartmense ter sprake kom, is die ervarings feitlik deurgaans negatief (kyk byvoorbeeld pp. 18-24, 29, 30, 57, 177-178).

'n Hoë spanningslyn word deurlopend gehandhaaf: hiertoe dra by Steyn en sy kamerade se vier mislukte ontsnappingspogings in die Groenpunt-krygsgevangenekamp, hernieude ontsnappingsplanne aan boord van die Catalonia — daardie 'luisnes' (p. 69 e.v.) waarmee hulle na Ceylon vervoer is — en uiteindelik die geslaagde ontsnapping in die hawe van Colombo. Daarna reis die leser saam met die makkers op die Russiese troepeskip *Cherson* deur die Suez-kanaal na Feodosia in die Krim, per trein na Leningrad, daarna oor Berlyn na Nederland, en per skip van Hamburg tot in Luderitzbucht. Van daar af volg die tog na Noordwes-Kaapland en meer as 'n jaar nadat hulle gevange geneem is, sluit vier 'swemmers' hulle in Augustus 1901 uiteindelik weer by die Boerekommando's aan.

Die omvattende en hoogs informatiewe register behoort vir die leser nuttig te wees. Duidelike en toepaslike illustrasies en kaarte rond die publikasie af wat taalkundig en tegnies goed versorg en baie mooi uitgegee is. Deur sy arbeid het Barnard duidelik getoon dat geskiedenis nie net op die sogenaamde groot en belangrike gebeure tydens 'n oorlog hoef te konsentreer nie. 'n Werk wat deeglik nagevors en goed gedokumenteer is, kan op so 'n wyse aangebied word dat dit beslis ook tot die belangstellende, deursnee persoon sal spreek.

*ANDRÉ WESSELS*
*Universiteit van die Oranje-Vrystaat*